M E D I A V R Y S T E L L I N G

Datum: Woensdag, 21 Januarie 2009

Embargo: Geen – vir onmiddellike gebruik

Begin

Sakeondernemings moet sorg vir ekonomiese en maatskaplike volhoubaarheid, sê internasionale spreker by USB

Sakeondernemings kan groot mag uitoefen, maar dit kom saam met groot verantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid is die skep van ekonomiese en maatskaplike volhoubaarheid vir toekomstige geslagte.

Só sê prof Anders Aspling, sekretaris-generaal van die Globally Responsible Leadership Initiative (GRLI) van die European Foundation for Management Development (EFMD) wat in België gebaseer is.

Hy het by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) se eerste *Leader's Angle*-aanbieding van die jaar (Dinsdag, 20 Januarie 2009) gepraat. Die USB gebruik sy *Leader's Angle*-platform om die leierskapkundigheid van plaaslike en internasionale akademici, skrywers en sakeleiers met alumni, studente en die Suid-Afrikaanse sakegemeenskap te deel.

"Talle ondernemings besef dat hulle hul handelsmerk sal vernietig as hulle nie verantwoordelik is teenoor die gemeenskap nie. In plaas daarvan om na volhoubaarheid as 'n strategie te kyk, behoort dit eerder in die DNA van die maatskappy geïntegreer te word. Ekonomiese en maatskaplike waarde loop hand aan hand – hulle is ewe belangrik."

Aspling sê daar is 'n sterk saak vir globaal verantwoordelike besigheid. Kliënte en markte oor die hele wêreld verwag vandag volhoubaarheid in maatskappye se bedrywighede sowel as ekologies gesonde produkte.

"Geen organisasie kan volhoubaarheid en verantwoordelikheid ignoreer nie," sê prof Aspling.

Die rol van sakeondernemings in die samelewing is vandag spesifiek op die agenda met die "toenemende besorgdheid van verbruikers" wat 'n mededingende dimensie geword het. "Selfs lande soos China en Indië praat die afgelope drie jaar van ekologie en die omgewing," sê Aspling.

Aspling sê daar is aanduidings dat topmaatskappye op die New Yorkse aandelebeurs wat vir die omgewing en samelewing omgee beter resultate aangeteken het. Sweedse banke weier om honderde miljoene se beleggings in die motorbedryf te belê omdat dié bedryf nie volle aandag aan hierdie aspekte van volhoubaarheid skenk nie.

Aspling sê in die lig hiervan vra die GRLI vir drie belangrike bestuursaksies – entrepreneurskap, leierskap en staatkundige beleid – om só globaal verantwoordelike gedrag te verseker.

Hierdie aksies definieer sekere karaktereienskappe van individue as leiers op alle vlakke en as agente in beheer van invloedryke organisasies wat "deur 'n visie vir die toekoms gedryf word en nie deur die verlede vorentoe gestoot word nie".

Die USB se *Leader's Angle*-aanbiedings oor alle aspekte van leierskap, wat in samewerking met *Finweek* aangebied word, is 'n uitvloeisel van die USB se sterk klem op leierskapontwikkeling in sy MBA, sy bestuursprogramme en sy navorsing oor leierskap.

Om die USB se maandelikse *Leader's Angle*-aanbiedings gratis by te woon, kontak Annemarie Olivier by usbcom@usb.ac.za. Besoek www.usb.ac.za.

Foto-onderskrif:

By die USB se *Leader's Angle*-aanbieding: Spreker prof Anders Aspling, sekretaris-generaal van die Globally Responsible Leadership Initiative wat in België gebaseer is, by prof Laetitia van Dyk, hoof van die USB se Sentrum vir Leierskapstudies, en 'n lid van die gehoor, dr Noel Jacobs van die Universiteit van Stellenbosch se Militêre Akademie.

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae:
Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za